# Kerkeenheid

## 'n Perspektief op die verhoudinge in die Gereformeerde Kerke in Suidelike Afrika

*Prof. J. H. van Wyk*

INLEIDING

Wat ek gaan aanbied het nie sommer oornag ontstaan nie. Dit het oor 'n lang periode gegroei, is die neerslag van Skrifstudie en is gestimuleer deur gesprekke met swart teologiese studente en predikante asook kritiek van buitelandse Gereformeerde kerke.
Ek vermoed dat sommige van u van my gaan verskil. Ek vra egter vriendelik dat u geduldig sal luister en die argumente in die lig van die Skrif sal weeg.

Wanneer daar oor hierdie boeiende tema besin word, kan die saak vanuit verskillende gesigspunte benader word. Dit lyk my wenslik, en goed gereformeerd ook, om eerstens enkele teologiese uitgangspunte te ontbloot, daarna aandag te bestee aan die historiese ontplooiing en huidige praktyk, om dan met 'n paar paragrawe oor toekomstige reformasie af te sluit.

Dit is byna onnodig om te meld hóé belangrik hierdie tema vir ons tyd is en hoeveel betekenis dit vir die samelewing kan inhou. Die kerk van God is immers die sout vir die aarde en die lig vir die wêreld en as die kerk 'n wesens- of funksieverlies ondergaan, moet dit noodwendig 'n nadelige neerslag in die samelewing vind. Veral in Suid-Afrika is dit so belangrik dat die kerk, wat die boodskap van vrede en versoening bring, in sy eie midde vrede sal ondervind en vanuit die versoening sal leef. Watter boodskap het 'n onenige en onversoende kerk immers vir 'n verskeurde en vyandige wêreld?

Dit is binne hierdie breër raamwerk dat ons na kerkeenheid in die Gereformeerde Kerke in Suidelike Afrika wil kyk.

1. TEOLOGIESE UITGANGSPUNTE

In hierdie verband wil ek graag aan die volgende onderafdelings aandag bestee:

1. *Eenheid en verskeidenheid*

Dit is byna vanselfsprekend dat ons na die veel voorkomende uitdrukking "eenheid en verskeidenheid" sal kyk en die verhouding tussen beide sal probeer ontleed, veral wat die áárd van hierdie verhouding betref. Daar is immers geen kerkgroep ter wêreld aan my bekend wat "eenheid en verskeidenheid" ontken hoewel die interpretasie en implementering daarvan deur die kerkgroepe soms radikaal verskil.

Ek het die Skrifgegewens in hierdie verband weer onlangs so noukeurig moontlik nagegaan en tot die konklusie gekom dat ons moet sê: Die eenheid van die kerk is primêr en die verskeidenheid sekondêr. Ek kan dus nie saamstem met die stelling dat "verskeidenheid en eenheid ewe belangrik is, want albei is uit God" (M. J. Booyens, *Die Kerkblad* 28 Jan 1987 : 4). Waarom nie?

Ek sou in hierdie verband op twee reekse Skrifgegewens kon wys. Aan die een kant is daar die reeks – oorbekende – Skrifgegewens waarin die eenheid van die kerk op besondere wyse beklemtoon word. Ek dink hier veral aan die Johannestekste (10 : 16, 11 : 52, 17 : 21) en aan die uitsprake van Paulus in 1 Kor 1(10 - 13), Gal 2 en Ef 4 (4 - 6). Hierdie Skrifgegewens aksentueer die eenheid van die kerk van God so onmiskenbaar duidelik dat die klem daarvan slegs deur rasionalisasie, waarin ons groot meesters geword het, ontsnap kan word.

By hierdie geleentheid wil ek egter op 'n ander reeks Skrifgegewens die aandag vestig en wel op daardie gegewens waarin melding gemaak word dat daar in 'n bepaalde gemeente, of tussen gemeentes, 'n probleem ontstaan het wat op 'n bepaalde manier opgelos is. Al die voorbeelde wat ek gaan noem, bevat natuurlik nie dieselfde oortuigingskrag nie maar sáám geneem is die boodskap duidelik: die eenheid van die kerk moet – amper sê ek: ten alle koste, maar daaroor later – bewaar word.

Een van die eerste probleme wat in die gemeente van Jerusalem ontstaan het, was dat daar klagtes van die kant van die Griekssprekende lidmate teen die Hebreeussprekende lidmate ontstaan het omdat eersgenoemde se weduwees in die daaglikse versorging afgeskeep is (Hand 6 : 1). Blykbaar het diskriminasie (teen vrouens nogal!) al vroeg in dic kerkgeskiedenis voorgekom. Die rede vir die diskriminasie word nie hier vermeld nie maar vermoedelik was die behoeftige Griekssprekende weduwees (hulle was Joodse Christene) baie meer in getal as die Hebreeussprekendes. 'n Maklike oplossing vir die probleem sou gewees het om twee gemeentes, met twee voertale Hebreeus/Aramees en Grieks, te vorm en tog word hierdie weg nie opgegaan nie. Die probleem word so opgelos dat die eenheid van die gemeente bewaar word: sewe "diakens" word gekies om die daaglikse versorging te behartig. Geen wonder ook dat Jakobus, broer van Jesus en leier van die gemeente in Jerusalem, absoluut niks daarvan wou weet dat daar in 'n erediens teen die armes gediskrimineer moet word en dat rykes voorkeurbehandeling moet ontvang nie (Jak 2 : 1 - 13).

'n Tweede groot probleem wat in die vroeë kerk ontstaan het, was die vraag oor hoe die Ou Testament, en veral die seremoniële wette, verstaan moet word en watter betekenis daar aan bv. die besnydenis (veral vir heiden-Christene) toegeken moet word. Dat hierdie probleem juis in die gemeente van Antiogië ontstaan het, is begryplik. 'n Meer kosmopolitiese gemeente is immers kwalik denkbaar. In Antiogië het daardie tyd Romeine en Grieke, Siriërs en Jode gewoon. Voeg by hierdie vier groepe nog Sipriotiese en Afrikaanse (Sireniese) Christene wat vanuit Jerusalem daarheen gevlug het (Hand 11 : 20) en dit is gou duidelik dat hierdie gemeente uit 'n bonte verskeidenheid van nasionaliteite bestaan het. (Trouens, in die vroeë kerk was selfs slawe deel van die kerk vgl 1 Kor 7 : 20 - 24). Die vraag na die Wet en die besnydenis het veral die verhouding tussen Joodse Christene en nie-Joodse Christene geraak en dit sou 'n maklike en voor-die-hand-liggende oplossing gewees het om eenvoudig 'n Joods-Christelike gemeente/kerk en 'n heiden-Christelike gemeente/kerk te stig. Die eenheid van die kerk(e) is egter so belangrik dat daar nie eers in hierdie rigting gedink word nie. In Hand 15 (vgl ook

Gal 2) word breedvoerig meegedeel dat die weg van "sinode" of apostelkonvent opgegaan is waartydens onder leiding van die Gees 'n unieke besluit geneem is en die saak besleg is (vgl De Villiers *in* Breytenbach, 1987 : 33). Die afsondering en afsonderlikheid wat Petrus in Antiogië probeer handhaaf het deur te weier om met heiden-Christene te eet en saam nagmaal te vier (Gal 2 : 12), terwyl die Here reeds aan hom geopenbaar het dat Hy nie op hierdie wyse diskrimineer nie (Hand 10 : 34)!, is vir die kerk én evangelie (Gal 2 : 14) altyd 'n lewensgroot gevaar (vgl De Villiers *in* Breytenbach, 1987 : 42).

'n Derde probleem wat in 'n vroeë kerk ontstaan het, was rondom die nagmaalviering. Paulus vertel daarvan in 1 Kor 11. Dit wil voorkom asof die gemeente op pad was na 'n rykmans-nagmaal en 'n armmans-nagmaal en dat hulle nie in staat was om die sosiale verskille rondom die nagmaal te oorbrug nie. Die nagmaal is egter realisering van die eenheid met Christus en die eenheid met mekaar (1 Kor 10 : 16 - 17) en daarom pleit Paulus dat die maaltyd op "gepaste wyse" gevier sal word en dat die lidmate vir mekaar sal "wag" om saam te vier. Paulus het nie beswaar daarteen dat daar in 'n gemeente "partyskappe" as toetsmaatreël sal wees nie (1 Kor 11 : 19), maar teen "verdeeldheid" in 'n gemeente en veral rondom die nagmaal (en doop), verset hy hom heftig (1 Kor 11 : 18; 1 : 10 ev). Die kerk van Christus is een solank die nagmaal een is; word die nagmaal opgebreek, dan breek die kerk ook uitmekaar.

'n Laaste voorbeeld wat ek noem, kom uit 1 Kor 12 - 14 waar Paulus oor die besondere Geestesgawes handel. Ook hier sou maklik die weg opgegaan kon word van een kerk mét Geestesgawes ("charismatiese kerk") en 'n ander kerk sónder Geestesgawes ("gereformeerde kerk") en tog gaan Paulus nie hierdie pad op nie. Met die beeldspraak van die kerk as liggaam van Christus maak hy duidelik dat daar in die eenheid tog ook 'n ryke verskeidenheid kan wees. Maar dan is die uitwerking van hierdie beeld iets totaal anders as wat ons vandag daarvan gemaak het. By Paulus gaan dit om verskeidenheid in die één gemeente/kerk en nie om 'n verskeidenheid van verskillende gemeentes waartussen ook nog 'n eenheid bestaan nie (Roberts *in* Borchardt, 1987 : 85; Marais, Nov 1986 : 62). Anders gesê, by Paulus gaan dit om 'n verskeidenheid van gawes onder *gelowiges* en nie 'n verskeidenheid van *gemeentes* nie, soos by ons.

Die áárd van die Skriftuurlike verskeidenheid is dus anders as wat tans dikwels die geval is. Ons prááát dikwels van verskeidenheid maar in die konkrete kerklike ervaring wórd dit geskeidenheid of verskeurdheid.

Op hierdie stadium moet die vraag kortliks gestel en beantwoord word of "eie taalgemeentes" met die oog op bepaalde bedieningsbehoeftes dan heeltemal uitgesluit sou wees. Is dit onskriftuurlik en in stryd met die eenheid van die kerk? Oor 'n antwoord op hierdie vraag bestaan tans 'n vergaande eenstemmigheid, selfs by die felste teenstanders van apartheid in die kerk, nl dat daar wél 'n verantwoorde verskeidenheid ook van gemeentes (taalgemeentes) sou kon bestaan op voorwaarde dat (a) sulke gemeentes spontaan en nie gedwonge nie ontstaan, (b) sulke gemeentes wat lidmaatskap en erediensbywoning betref, toeganklik is en (c) sulke gemeentes in een kerkverband met mekaar saamleef en saam kerkvergaderings hou (vgl Smith *in* Smith ea, 1981 : 3; Bosch *in* Borchardt,

1987 : 65 (mvn Adonis) en in *Die Kerkbode*, 26 Mei 1982 : 7; voorts Heyns *in* Smith ea, 1981 : 17; Geldenhuys, 1982 : 136; Jonker *in* Borchardt, 1987 : 43; Theron *in* Breytenbach, 1987 : 170; en wat Nederland betref : Vlijm ea, 1981.

Met so 'n standpunt word natuurlik ongetwyfeld 'n toegewing gemaak, maar nie op grond van "die swakheid van broeders" (soos in 1857 nie) nie maar met die oog op die beste bediening van die evangelie en wel op so 'n wyse dat die eenheid nie opgehef word of in gedrang kom nie. Eenheid is nie eendersheid nie.

Ek het begin deur na enkele Skrifgegewens oor die eenheid en verskeidenheid van die kerk te verwys. Ek sou ook in hierdie verband na ons *Belydenis* kon verwys en noem dat ons in die Geloofsbelydenis van Nicea en die Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 27 die *eenheid* van die kerk *bely*. Nêrens is die *verskeidenheid* van die kerk verhef tot die status van geloofsbelydenis nie. Dit sou trouens ook moeilik die geval kon wees aangesien die verskeidenheid (van taal bv.) meer met die skeppingsorde as met die herskeppingsorde saamhang. Die verskeidenheid soos wat ons dit in die NT aantref, word nie uit die skepping afgelei nie maar kom uit genadeorde op en wel as gawe van die Gees (1 Kor 12).

1.2 *Eenheid en sigbaarheid/institusionaliteit*

Met die belydenis van die eenheid van die kerk kan verskillende weë opgegaan word. (Berkouwer, 1970 : 37 ev; Konig, 1967 : 323 ev). Dit kan bv *geminimaliseer* word as "iets wat tog nie so erg is nie" en waarsonder die ewige lewe tog beërwe kan word; dit kan *gerasionaliseer* word as iets wat, hoewel 'n Bybelse eis, tog nie haalbaar is in ons konkrete sondige bestaan nie; dit kan *gepluriformeer* word as iets wat nie sondig is nie en wat saamhang met die wil van God wat 'n ryke verskeidenheid van kerke gewil het; dit kan *gesekulariseer* word as iets wat op 'n wêreldse wyse gerealiseer kan word; dit kan *geëskatologiseer* word as iets wat in hierdie sondebedeling nie haalbaar is nie maar eenmaal in die Groot Toekoms tog gerealiseer sal word: en dit kan *gespiritualiseer* word as iets wat net geestelik van aard is (geloof in Christus) en dus noodwendig onsigbaar is en ook geen organisatoriese gestalte mag aanneem nie.

Dit is oor hierdie (slegs!) geloofseenheid dat ons dit in hierdie paragraaf het. Is die eenheid van die kerk slegs 'n saak van geloof, slegs onsigbaar en nie vatbaar vir organisatoriese gestalte nie? So eensydig as wat dit is om te sê dat ware eenheid slegs sigbare eenheid is, so eensydig is dit myns insiens om te beweer dat ware eenheid slegs onsigbaar is – 'n standpunt waarvoor die NHKA nogal lief is. Maar die argument klop nie, logies al nie: indien die (wit) NHKA huiwerig is vir sigbare organisatoriese eenheid met die (swart) HKSA, dan is hulle tog opvallend niehuiwerig vir sigbare organisatoriese eenheid tussen die (wit) Hervormde gemeentes!

Skriftuurlik gesien kan daar geen ander konklusie wees nie as dat eenheid sigbaarheid impliseer. Die heel duidelikste word dit seker in Joh 17 : 21 geïllustreer waar Jesus bid om die eenheid van sy kerk as (a) 'n eenheid in God, (b) soos die Vader en Seun een is en (c) "sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het". Die eenheid van die kerk staan dus in die nouste verband met die geloofwaardigheid van die evangelie.

Die gelowiges se verbondheid aan God en aan mekaar moet 'n effek op die wêreld hê, dit moet die wêreld tot geloof bring in Jesus Christus as Heiland van die wêreld. Vir hierdie verhewe doel kan 'n verdeelde en onenige kerk slegs 'n struikelblok wees (vgl Nicol *in* Meiring en Lederle, 1979 : 14 - 18).

Sigbare eenheid sou in hierdie geval konkreet neerkom op onder andere: onderlinge liefdesbetoon en bystand; oop eredienste waar selfs ongelowiges welkom is (1 Kor 14 : 23 - 24); toeganklike nagmaalvieringe onder toesig van die kerkraad; erkenning van attestasies oor en weer; kanselruil onder toesig van die kerkraad; gesamentlike barmhartigheidsdiens; gesamentlike sendingaksies; gesamentlike kerkvergaderinge.

1.3 *Eenheid en waarheid*

Iemand mag teen hierdie stadium voel dat die aspek van eenheid van die kerk soveel klem ontvang het dat daar van die aspek van die waarheid (of Waarheid) nie veel oorgebly het nie. Is dit dan nie só dat in 'n gegewe situasie soms vír die *waarheid* en daarom téén die *eenheid* gekies moet word en dat die kerk dan moet skeur nie (vgl Van Wyk, Mrt 1971 : 48 - 75)?

Hoe kompleks hierdie argumentasie is, word bewys deur die stelling dat indien ons die eenheid van die kerk verbreek, ons daarmee 'n stuk van die waarheid (van ons belydenis) oor die kerk prysgee; die eenheid van die kerk is immers deel van die waarheid wat ons aangaande die kerk bely (vgl Berkouwer, 1970 : 56). Ons bely tog nie 'n onenige kerk nie? In die NT kry ons nêrens die opdrag om soms vir die waarheid maar teen die eenheid te kies en so die kerk te skeur nie. Dáár word die weg van vermaning en uitsetting van die onbekeerde sondare aangewys (Matt 18 : 15 - 17, 1 Kor 5 : 7) en nie die van kerkskeuring nie. Van Calvyn het ons die uitspraak dat dit nooit sy bedoeling was om die kerk te skeur nie (vgl Institusie IV 2.6).

Natuurlik kan die waarheidsvraag sodanig geminimaliseer word dat 'n modaliteitekerk oorgehou word wat kwalik die beeld van die Nuwe Testamentiese kerk vertoon (vgl Joh 17 : 17 - 19). Aan die ander kant kan die waarheidsvraag so verabsoluteer word in 'n houding van reg-of-weg dat dit 'n eindeloos repeterende breuk tot gevolg het en miskien nog minder die beeld van die ware kerk vertoon. Hier geld die woord van Paulus dat ons "in liefde die waarheid betrag" (Ef 4 : 15) en altyd in berekening sal bring dat ons "ten dele ken" (1 Kor 13 : 9) en dat die waarheid dus eskatologies van aard is. Daarby is die Calvynse onderskeiding tussen fundamentele en nie-fundamentele waarhede ook nog altyd behartenswaardig.

Een verdere aspek wat ek tog graag nog hier vermeld, is dat daar tye kan kom dat die waarheid van die evangelieboodskap soos by 'n brandglas soms op één punt kan saamtrek en dat as daardie een punt skeefgetrek word die ganse evangelie aangetas word (vgl Konig *in* Bosch ea, 1982 : 54; Bosch *in* Borchardt, 1987 : 69). In die eerste eeu van ons jaartelling was dit vir Paulus nodig om aan die Grieks-Korintiese gemeente, waar redding deur kruisiging as "onsin" beskou is, te skryf dat hy oor "niks anders" wil praat as "Jesus Christus gekruisigde" (1 Kor 2 : 2); in die tyd van die sestiende eeuse Reformasie moes die reformatore dit teen

'n werkheiligheids- en selfverlossingsleer opneem ten gunste van die "regverdiging deur die geloof"; in ons twintigste eeuse Suid-Afrikaanse konteks, met sy swaar aksent op apartheid, ook in die kerk, moet die "gemeenskap van die heiliges" weer besonder beklemtoon word: tas iemand die *communio sanctorum* aan, dan tas hy daarmee die ganse evangelie aan.

### 1.4 *Eenheid en liefde*

Ons het hierbo daarna verwys dat die waarheid "in liefde" betrag moet word en daarmee is alreeds begin om uitdrukking daaraan te verleen dat ons nooit oor die eenheid van die kerk kan handel sonder om tegelykertyd oor die aspek van liefde te handel nie. Dat eenheid en liefde ten nouste met mekaar saamhang, blyk nêrens duideliker nie as uit Joh 17. Die eenheid tussen die Vader en die Seun is immers nie net 'n wesenseenheid nie maar ook 'n liefdeseenheid en daarom is dit begryplik dat wanneer Jesus daarvoor bid dat sy navolgers een sal wees soos Hy en die Vader een is, Hy daarvoor bid dat hulle een-in-liefde sal wees. En om lief te hê beteken om te gée (Joh 3 : 16). "Die kenteken van eenheid, of anders gestel, die sigbaarword van die eenheid, lê in die onderlinge liefde (vgl 13 : 34 - 35; 15 : 12, 14)" (Du Rand *in* Breytenbach, 1987 : 127 - 128).

En die liefde vir Christus vind sy uitdrukking in die liefde vir die broer (1 Joh 4 : 20) en die viering van die liefdesmaaltyd met die broer.

Van ons as Christene, wat navolgers is van Jesus Christus, moet ook ten opsigte van ons solidariteit met ons naaste gesê kan word wat by geleentheid van Christus gesê is: "Kyk hoe lief het hy hom gehad!"

Liefde is die band wat gelowiges tot 'n volmaakte eenheid saambind (Kol 3 : 14) en die grootste gawe wat God kan gee (1 Kor 13 : 13).

## 2. HISTORIESE ONTPLOOIING

Die vraag is nou hoe die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vanaf sy vroegste begin die Skrif op hierdie punt verstaan het en of daar nie allerlei (bv. ideologiese) invloede werksaam was as gevolg waarvan die belydenis aangaande die eenheid van die kerk tog in die slag gebly het nie. Ek wil voorts graag kortliks stilstaan by die historiese ontwikkeling sedert 1859 en onderskei in hierdie verband drie periodes:

### 2.1 *Die periode 1869 - 1958*

Lank voor die fiksering van die apartheidsbeleid in 1948 oordeel die Sinode van 1869 dat "gelijkstelling van de gekleurde bevolking *dezer* landen met dè blanke bevolking, op kerkelijke gebied . . . nu nog ongeschikt, ja onmogelijk" (is) (Acta 1869 : 24). Op die Sinode van 1873 figureer die "nu nog" glad nie meer nie en word die woord "gelijkstelling" gepresiseer as "*gelijkelijk* bedienen van Gods Woord en de H Bondzegelen in één kerkgebouw aan blanken en gekleurden". So 'n gelykstelling is "*ongepast* en *ondoenlijk*" en die Sinode vermaan kerkrade om sorg te dra dat "*de kleurlingen niet onderwezen worden, noch godsdienst genieten in dezelfde gebouwen met de blanke bevolking*" (Acta 1873 : 32 - 33).

Van ons heel vroegste sinodebesluite openbaar dus wat ek wil noem 'n dubbele kerkbeskouing (wit kerk en swart kerk) en dit verbaas ook nie

dat van die weinige skeuringe wat daar in die Gereformeerde Kerke plaasgevind het, juis rondom die vraag na sending en kerkeenheid voltrek is. Ek verwys hier natuurlik na die kerkskeuring in Bethulie in 1877 en die in Humpata in 1908. In Humpata is die skeuring voorafgegaan deur besware van lidmate dat die blanke predikant vir sowel blankes as gekleurdes die Woord en sakramente bedien het, let wel nié eers in dieselfde kerkgebou nie, maar bloot omdat 'n blánke predikant gekleurdes bedien het (Jooste, 1959 : 338 ev). Dit is opvallend dat in 'n land waar Gereformeerde Christene oor so 'n saak die kerk kon skeur, daar vandag geen Gereformeerde Kerk oor is nie en die land deur Marxiste geregeer word.

Ook in ons vroegste sendingwerk wat in 1895 op Venterstad onder Kleurlinge begin is en uiteindelik in 1905 tot gemeentestigting gelei het, sit die dubbele kerkbeskouing hom voort. Al word dieselfde taal gepraat, lei dit nie tot opname van bruin lidmate in die wit gemeente nie maar word dit die begin van 'n aantal bruin gemeentes wat vanaf 1963 in afsonderlike kerkvergaderings (sinodes) byeenkom.

Selfs in van ons vroegste teologiese arbeid van hierdie eeu slaan die dubbele kerkbeskouing sterk deur. In 1923 verwerf P. J. S. de Klerk aan die Vrije Universiteit Amsterdam 'n doktorsgraad oor *Kerk en sending in Suid-Afrika*. Die skrywer oordeel dat om deur middel van die sending aan die naturelle-vraagstuk toon aan te gee, "dit noodsaaklik sal wees om hier dan konsekwent deur te voer die skeiding van swart en blank, 'n standpunt wat die kerke reeds in die verlede aangehang het" (1923 : 165). Die enigste oplossing hier is om "die rasse *kerklik sowel as maatskaplik te segregeer*". Die teorie van "die ekwaliste, van volkome gelykstelling, gaan nie op nie, dit juis was die groot onheil van Suid-Afrika". Die sending moet rekening hou met die rasse-onderskeid en die Christendom bring nie sosiale gelykheid nie. "Die naturelle tog behoort tot 'n laer ras". Die Skepper het self die lyne getrek en "die enigste standpunt is *segregasie* van blank en swart op kerklike en maatskaplike gebied". Hierdie siening moet uitloop op die stigting van "nasionale kerke". Gal 3 : 28 kan nie hierteen aangevoer word nie, want daar gaan dit om "die hoëre eenheid in Christus" (De Klerk, 1923 : 165 - 169). Stelling XIV van die proefskrif lui dat "segregatie van blank en zwart, zowel op kerkelijk als op maatschappelijke gebied, komt de zending in Zuid-Afrika ten goede".

Dit is opvallend dat in die argumentasie van De Klerk weinig Skrifgegewens gehanteer word. Die struktuur van sy argumente vertoon die beeld van postulate. Die eerste persoon, sover my bekend, wat aan ons dubbele kerkbeskouing 'n teologiese onderbou voorsien het, was Totius (J. D. du Toit) in 1944 met sy voordrag voor 'n Volkskongres waarin hy gehandel het oor *Die Godsdienstige Grondslag van ons Rassebeleid*. Ek sê "kerkbeskouing", maar eintlik vind ons in die hele voordrag baie min oor die kerk, al ontbreek dit nie geheel en al nie – "In die *Christelike* kerk sal hy (die naturel) sy eie tipe verteenwoordig" (1955 : 14). Die referaat handel veral oor 'n volksbeskouing en 'n beleid van segregasie word teologies verdedig. Die argumente kom veral uit die Godsleer waar God voorgehou word as die groot Skeidingmaker (5 - 7) en waar sy voorsienigheid, waardeur die nasies in aansyn geroep en bewaar word (6,9,

13), besondere aksent ontvang. Van die Christologie en pneumatologie, en dus ekklesiologie, word weinig of niks gehoor. Wel word daar na Gal 3 : 28 en Kol 3 : 11 verwys maar onmiddellik bygevoeg dat die eenheid waarvan daar sprake is, 'n eenheid "in Christus" is en dus "geestelik" van aard is (10,14) en by implikasie dus onsigbaar moet wees. Vanuit die Christologie sou die vraag bv. gevra kon word of God in Christus nie veel eerder Heelmaker (Heiland) as Skeidingmaker is nie én of die skeiding wat Hy wél maak nie tussen swart en wit is nie maar tussen geloof en ongeloof.

Wat die volksbeskouing betref, word, met Israel as model, gelykstelling en verbastering summier afgewys (14 ev) en word van die Afrikaners verwag om teenoor die naturel, as onderhoriges, 'n beleid van "Christelike voogdyskap" te volg wat op mondigheid kan uitloop (19 - 20). Totius sien in die afskaffing van slawerny 'n deurwerking van die Christelike beginsel ( : 19), maar hy huiwer daarvoor terug om dieselfde te sê waar gekleurdes sou strewe na "verandering van aardse omstandighede" ( : 20).

Van die kant van kritici teen kerklike apartheid word hierdie opstel van Totius, saam met dié van E. P. Groenewald (*in* Cronje, 1947 : 40 - 67), gesien as van die belangrikste dokumente i.v.m. die teologiese fundering van apartheid (vgl. Botha 1986 : 138, 140, 151, 153) en vandaar my ietwat uitgebreide aandag daaraan.

Ek sou voorts in aansluiting hierby kon wys op die invloed wat die kerkbeskouing van die Wysbegeerte van die Skeppingsidee van H. G. Stoker (die kerk as samelewingsverband op gelyke vlak met ander verbande) op talle predikante uitgeoefen het – maar daaroor het ek by 'n ander geleentheid gehandel (Van Wyk, 1987a) en ontbreek tans die tyd.

Ek sluit hierdie eerste periode af met nog twee verwysings. In 1955 word besluit om met die opleiding van nie-blanke predikante 'n begin te maak en in 1956 word inderdaad daarmee in Dube begin. In 1962 word hierdie opleiding na net buite Hammanskraal (eintlik Temba) in Bophuthatswana verskuif. Dit sou oordrewe wees om te beweer dat slegs die dubbele kerkbeskouing verantwoordelik gehou moet word vir die dubbele teologiese opleiding, daar was immers ook ander belangrike faktore, maar dat dit inderdaad 'n belangrike medebepalende faktor was, kan nouliks ontken word.

Uitgaande van die dubbele kerkbeskouing besluit die Sinode van 1958 dat vermenging op kerklike terrein "ongeoorloof" is aangesien dit "die gevaar behels van ondermyning van die nasionale identiteit en roeping" van veral die getalswakkere blankes; in Suid-Afrika is "gemengde kerkformasie ongeoorloof" (Acta 1958 : 266, 268 - 270).

### 2.2 *Die periode 1961 - 1967*

In hierdie periode tree daar myns insiens onteenseglik 'n wending na vore wat veral aan die teologiese bydrae van W. J. Snyman toegeskryf moet word (Snyman, 1977). Daar verskyn nou ook belangrike studies waarin baie nou by Snyman aangesluit en sy gedagtes oor volk en Godsvolk verder uitgediep word (vgl Van der Walt, 1963 en Coetzee, 1965). Naas volgehoue erkenning van verskeidenheid in die kerk, word die eenheid

nou ook nadruklik beklemtoon (vgl Du Plessis, 1963 : 32, en, ietwat later, Van der Merwe, 1973 : 4,17). Ek sal egter aantoon dat hierdie wending nie volkome was nie (vgl Van Wyk, 1985b : 10 ev) hoewel dit tog 'n belangrike brugfunksie met die periode hierna vervul het.

Die Sinode van 1967 besluit dat "afsonderlike instituering" "noodsaaklik" is en daar word bygevoeg dat "gemengde eredienste" *in die reël* nadelig vir die koninkryk sal wees (vgl Acta 1985 : 434). Die formulering "in die reël" is opvallend. Daarmee vind immers 'n verskuiwing plaas van die vroeëre meer strakke besluite wat "gesamentlike eredienste" ook by wyse van uitsondering uitgesluit het. Voorts word die epogmakende besluit geneem dat kerkverband oor kleurgrense (in 'n algemene sinode) tot uitdrukking moet kom (vgl Acta 1985 : 435) en so word die GKSA die eerste Afrikaanse kerkgroep wat besluit dat geloofseenheid nie voor kleurgrense kan vassteek nie maar dit in 'n gesamentlike kerkvergadering konkreet moet oorstyg. Daar is dus nie volstaan met die ontplooiing van 'n "eie" swart kerkverband sedert 1962/63 nie, maar die wit, bruin en swart sinodes is in 'n algemene sinode tot 'n kerkregtelike eenheid saam verbind.

Dit spreek haas vanself dat "eenheid op sinodale vlak" maar één aspek van kerklike eenheid reflekteer en dat eenheid en koinonia eers werklik op gemééntelike vlak ter sprake kom. Die feit dat hierdie laaste eenheid in 1961/1967 onderbeklemtoon is, byna selfs ontmoedig is, het die GKSA oopgestel vir kritiek van die sg. jonger Gereformeerde Kerke.

2.3 *Die periode 1968 - 1985*

Veral sedert 1968 tree opmerklike verskuiwings aan die lig. Dit hang saam met die besluite wat sedert hierdie tyd deur die Gereformeerde Ekumeniese Sinode geneem is asook eie besinning veral rondom 1982. Die inbring van die GES moet myns insiens as 'n winspunt aangemerk word, aangesien die Skrif ons leer dat ons "saam met al die heiliges" eers 'n begrip kry van die liefde van Christus (Ef 3 : 18) en dat ons nie maar op ons eentjie die waarheid moet probeer soek nie, ook nie die waarheid i.v.m. kerklike verhoudinge nie. Goeie ekumenisiteit bewaar van sektariese neigings.

Waar in 1967 gesê is dat afsonderlike instituering "noodsaaklik" is, m.a.w. dit moét, word in 1985 gesê dat dit "wenslik mag wees", m.a.w. dit kan ook anders (Acta 1985 : 435). Waar in 1967 betoog is dat "gemengde eredienste" in die reël "nadelig" is vir die koninkryk, word in 1985 gesê dat elke erediens oop is en dat 'n "gesamentlike erediens (die nagmaal ingesluit) 'n teken van die eenheid van die kerk en die gemeenskap van die heiliges is en 'n Christelike getuienis aan die wêreld kan wees", m.a.w. vóórdelig vir die koninkryk kan wees (Acta 1985 : 435). Die Sinode herbevestig ook dat "ras, volk of kleur nie die kriterium van lidmaatskap van kerke is nie en dat teen niemand op grond daarvan gediskrimineer mag word" (Acta 1985 : 650). Geen persoon mag op grond van ras of kleur van 'n erediens uitgesluit word nie. Elke erediens is dus oop, en so ook elke nagmaal, uiteraard onder toesig van die kerkraad. Ook kanselruil (Woordbediening) mag plaasvind (Acta 1985 : 437).

Hier is dus sake gereël – lidmaatskap, erediensbywoning, nagmaalviering, Woordbediening – wat in die eerste desennium vanweë die

dubbele kerkbeskouing eenvoudig ondenkbaar was.

## 3. HUIDIGE PRAKTYK

Neem ons die huidige kerklike situasie onder Gereformeerde Kerke in Suidelike Afrika in oënskou, blyk dit gou dat die invloed van die dubbele kerkbeskouing wyd om hom heengegryp het. Dit het aanleiding gegee tot eie gemeentevorming, eie kerkvergaderinge, eie teologiese skole en eie administrasies. Vervolgens oor elkeen 'n kort woord.

### 3.1 *Eie gemeentes*

Soos uit die historiese gedeelte geblyk het, het die dubbele kerkbeskouing meegebring dat "eie" wit en bruin en swart gemeentes tot stand gekom het. Hierdie afsonderlike gemeentes is redelik waterdig van mekaar afgesluit, in elk geval wat die wit gemeentes betref. Kleur en taal het 'n bepalende rol gespeel, hoewel dit nie konsekwent gehandhaaf is nie. So is daar gemeentes waarin dieselfde taal gepraat word (bruin en wit), terwyl hulle tog in onderskeie "sinodale verbande" betrek is; aan die ander kant is daar wit gemeentes waar verskillende tale gepraat word (Afrikaans en Engels), maar wat tog na dieselfde nasionale sinode deputeer. Onder die swart gemeentes loop die taalgebruik eenvoudig deurmekaar aangesien gelowiges in hierdie gemeentes dikwels uit verskillende nasionaliteite afkomstig is.

Wat lidmaatskap betref, is die wit gemeentes redelik geslote. Hier en daar was daar pogings tot normalisering, soos in die Paarl en in Linden in 1981 (Saartjie Pieterse), maar elke keer was daar heelwat probleme.

Oor-en-weer erediensbywoning vind sporadies plaas, veral in die Boland, maar van 'n spontane reaksie by wit gemeentes kan moeilik gepraat word.

Van swart nagmaalgangers aan 'n wit tafel is ek nie bewus nie. Ek kan my voorstel dat dit veel weerstand sal wakkerroep.

Kanselruil vind sedert die tagtigerjare al meer plaas, sedert in die middel sewentigs in Stellenbosch daarmee 'n begin gemaak is.

Konsulentreëlings vind egter nog streng volgens nasionaal sinodale indeling plaas.

Oor-en-weer beroeping van predikante het, sover my kennis strek, nog nie plaasgevind nie.

### 3.2 *Eie kerkvergaderinge*

Deels vanweë historiese ontwikkeling en deels vanweë teologies-ideologiese oorweginge het daar vier sinodale verbande ontstaan: Sinode Potchefstroom (sê maar sedert 1859), Sinode Kleurlinge, later Suidland (1963), Sinode Middellande (1963) en Sinode Soutpansberg (1963).

Die dubbele kerkbeskouing, wat hom van meet af indrukwekkend op kerklike erf laat geld het, kon egter wat kerklike vergaderinge betref nie konsekwent toegepas word nie. Konsekwent toegepas sou dit op losstaande volkskerke moes uitloop, 'n model wat bv. deur die NHKA nagevolg word en in 'n groot mate ook deur die familie van NG Kerke. Die ontstaan van 'n algemene sinode in die Gereformeerde Kerke in Suidelike Afrika sedert 1965 deurbreek egter die dubbele kerkmodel en lewer

'n duidelike, al is dit aangevogte, bewys van die (sigbare) eenheid van alle Gereformeerde Kerke. 'n Tweede deurbreking van die dubbele kerkmodel word gevind in die situasie van die kerke in Translimpopo of Zimbabwe. Hierdie drie kerke, die een Sjonasprekend (Karoi), die tweede Afrikaanssprekend (Chinhoyi) en die derde veeltalig (Suid-Zimbabwe), deputeer tans na die (Afrikaanssprekende) Partikuliere Sinode Noord-Transvaal. Hier vind ons dus iets van die gedagte van 'n *regionale* en nie 'n nasionaal-gestruktureerde kerkvergadering soos by die nasionale sinodes nie.

3.3 *Eie teologiese opleiding*

Die ontstaan en voortbestaan van die twee teologiese skole te Potchefstroom en Hammanskraal is baie nou verweef met die historiese ontwikkeling en groei van die Gereformeerde Kerke. Dit sou daarom van 'n growwe vereenvoudiging getuig om die feit van die twee opleidings slegs aan ideologiese voorveronderstellings te wil koppel. Tog kan die feit nie ontken word nie dat die dubbele kerkbeskouing ook hier 'n groot invloed uitgeoefen het. Dit moet die GKSA ter ere nagegee word dat hy geweier het om 'n tweede opleiding aan die Universiteit van die Noorde te begin soos die politici van die dag dit wou gehad het. Daarmee sou immers baie ingeboet word t.o.v. 'n vrye, kerklike en prinsipieel verantwoorde opleiding. Tog het die politiek van die dag ook hier sy invloed uitgeoefen, want die vraag kan met reg gestel word waarom die opleiding dan hoegenaamd van Dube na 'n swart tuisland verskuif moes word. Die antwoord lê voor die hand: Dit was destyds (1962) wetlik nie toelaatbaar om tersiêre onderrig vir swartmense op 'n permanente basis in wit gebiede aan te bied nie.

Hiermee is die prinsipiële vraag i.v.m. die twéé opleidings nog nie beantwoord nie. Ek kom later weer hierop terug, maar maak tans net die opmerking dat in die tagtigerjare die dubbelheid begin vervaag gesien in die lig daarvan dat die eerste bruin teologiese student in 1987 aan die TSP/PUCHO ingeskryf het.

3.4 *Eie administrasies*

Die kerke wat in die sinodale verband van Potchefstroom byeenkom, hou 'n eie administrasie van algemene sake daarop na, bv. t.o.v. die *Almanak*, die Administratiewe Buro en emeritusversorging ens. Die Administratiewe Buro van die jong kerke word apart aan die HTS behartig. Al is daar een algemene sinode, het dit nog nie gelei tot 'n gesamentlike administratiewe buro van die Gereformeerde kerke nie.

## 4. TOEKOMSTIGE REFORMASIE

Dit behoort uit bostaande duidelik te wees dat die historiese ontplooiing van die Gereformeerde Kerke nie altyd ooreenkomstig die Skrifgegewens plaasgevind het nie. Daar moet selfs van 'n bepaalde afbuiging van die Skrifbeginsels, vir sover dit die kerkbeskouing betref, gepraat word. Ek is van oordeel dat die GKSA met sy siening van 'n "plurale model", in teenstelling met die "insidentele model" van die NHKA en die "federatiewe model" van die NGK (vgl Du Plooy *in* Smit, 1986 : 32 - 49), na aan die Skrifgegewens gekom het maar nog nie na genoeg nie. Ons sou, algemeen gesproke, hier drie kerkmodelle kon onderskei. Eerstens

is daar die moontlikheid van 'n "integrasiemodel", met geïntegreerde gemeentes (soms met aparte taalbedieninge) en geïntegreerde kerkvergaderinge. Tweedens is daar 'n "apartheidsmodel" met aparte (geslote) gemeentes en aparte volkskerke met aparte volkskerkvergaderinge. Derdens is daar 'n "plurale model" met eie (maar oop) taalgemeentes en geografiese kerkvergaderinge. (Soms vind ons ook kombinasies van hierdie drie moontlikhede.) Teen eersgenoemde twee kan myns insiens verskillende besware – wat wissel in belangrikheid – ingebring word, terwyl laasgenoemde as 'n meer verantwoorde vorm van kerklike bediening beskou kan word. Soos reeds gesê, vertoon die GKSA in 'n sekere sin hierdie beeld.

Ek meen dat die oplossing nie geleë is in die siening van die *volkskerkmodel* nie (Botha, 1973; Van Zyl, 1987), óók nie in die siening van die *volkerekerkmodel* nie (Heyns, 1977 : 217; Snyman, 1977 : 113) maar in die van dié *Godskerkmodel*. Dit is teologies immers nie nodig om die kerk van God in sekulêre volksterme te omskryf nie. Volgens die NT is die kerk *volk van God, liggaam van Christus* en *tempel van die Heilige Gees* en word dit nêrens in bloot sekulêre kategorieë omskryf nie.

Ek wil by hierdie geleentheid nie aandag gee aan die *oorsake* van die dubbele kerkbeskouing nie, omdat dit 'n verhaal op sy eie is. Sommige soek die rede by sekere gedagtes van A. Kuyper (vgl Botha, 1986 : 178 - 187) en probeer 'n denklyn vind vanaf Kuyper oor S. J. du Toit na J. D. du Toit (en W. Postma en P. J. S. de Klerk) (vgl Botha 1986 : 157, 164; Kinghorn 1986 : 58 ev; Kuiper, Apr 1986 : 64 ev). Maar tereg sou die vraag gestel kon word watter invloed Kuyper (gebore 1837) op die apartheidsbesluite van die Sinode van 1869 en 1873 kon gehad het. Sy teologiese insigte is tog eers later te boek gestel toe die dubbele kerkbeskouing in Suid-Afrika reeds sy beslag gekry het. Hiermee is natuurlik nie ontken dat bepaalde gedagtes van A. Kuyper wel gebruik en selfs misbruik kon word ten gunste van 'n dubbele kerkbeskouing nie. Tog bly dit opvallend dat Kuyper niks van 'n volkskerk wou weet nie (Kuyper 1959 : 52).

Miskien skryf iemand nog 'n boek oor die oorsake en agtergronde van hierdie dubbele kerkbeskouing en waarom die Skrif op hierdie punt (dalk vanweë ideologiese vooroordele?) so eensydig vertolk is – en dit deur Gereformeerde kerke skaars tien jaar nadat hulle (in 1859) doelbewus hulle teen teologiese liberalisme verset het.

4.1 *Rondom gemeentevorming*

Dit is uit die Skrif duidelik dat geloof (en doop) die enigste kriterium vir lidwees van die kerk van God kan wees. Ander faktore soos ras en volk, kleur en kultuur mag nie hier 'n deurslaggewende rol speel nie. Omdat die kerk 'n geloofsgemeenskap en geen kleurgemeenskap is nie, staan elke Gereformeerde gemeente oop wat opname van ander Gereformeerde Christene betref. Dit is dus prinsipieel moontlik dat in een plaaslike gemeente gelowiges uit verskillende kulture saam kan aanbid, desnoods met eie taalbedieninge. In die GKSA het ons na my wete ten minste twee voorbeelde hiervan. Die gemeente *Johannesburg-Sentraal*, wat uit Afrikaanssprekendes, Nederlandssprekendes en Engelssprekendes bestaan het, het in die dekades sestig en sewentig twee taalbedieninge (in Afrikaans en Engels) daarop nagehou. 'n Meer sprekende voorbeeld

vind ons tans in die gemeente *Suid-Zimbabwe*, wat bestaan uit Afrikaanssprekendes, Engelssprekendes en Sjonasprekendes, waar reëlmatig in Engels en Sjona gepreek word sonder dat daarmee die eenheid van die gemeente enigsins aangetas word.

Daar mag egter ook praktiese oorweginge wees wat gemeentevorming beïnvloed en wat in oorweging geneem kan word, solank dit nie die prinsipiële vertrekpunt oorwoeker nie. Ek dink hier veral aan liturgiese, linguistiese, geografiese en numeriese oorwegings (kulturele uitgesluit). Wat die liturgie betref, is dit begryplik dat gelowiges uit verskillende kulture die behoefte mag voel om die Here volgens 'n eie liturgiese styl, wat vir ander gelowiges vreemd mag wees, te dien. Linguistiese oorwegings, veral by gebrek aan 'n algemene voertaal, mag 'n rol speel. Die geografiese ligging van gemeentes kan 'n invloed hê aan watter gemeente iemand behoort (hoewel ons hier ver verwyder moet wees van rigiede reëlings). Getalle speel ook 'n rol aangesien te groot gemeentes onwenslik is.

Waar daar om praktiese redes tot eie bediening en gemeentevorming oorgegaan word, mag geen gemeente of erediens geslote wees nie, mag daar ook geen dwang daartoe uitgeoefen word nie en moet altyd 'n noue geloofsrelasie tussen gemeentes gehandhaaf word, ook wat betref deputering na kerkvergaderings.

### 4.2 *Rondom kerkvergaderings*

Ons huidige praktyk van kerkvergaderings, wat in 'n groot mate kleuren kultuurbepaald is, staan op bepaalde punte op gespanne voet met die Kerkorde. Sinode Potchefstroom het in 1964 besluit dat daar "afsonderlike meerdere vergaderinge vir die verskillende groepe" moet wees (Acta 1964 : 268) terwyl art. 41 van die Kerkorde bepaal dat 'n klassis 'n vergadering van "naburige kerke" is, d.w.s. 'n vergadering wat geografies en nie etnies bepaald is. Voorts is die vraag ter sake of die kerkordelike reëling van *geografiese* klassisse nie 'n vraagteken plaas agter die bestaan van *nasionale* (d.w.s. etniese) sinodes nie (vgl art 29, 50 KO). Dit is daarom begryplik dat daar deesdae volop besinning is oor die vraag na geografiese klassisse en geografiese provinsiale sinodes (en die verdwyning van nasionale sinodes). Uiteraard sal geografiese klassisvergaderinge die samestelling van die algemene sinode verander.

Wat die tans bestaande algemene sinode betref, het Sinode Potchefstroom alreeds geoordeel dat dit verder uitgebou moet word ten einde "tot sy volle reg te kom" (Acta 1985 : 437). Afgesien van sake wat duidelik hier tuishoort, soos Belydenisskrifte, Kerkorde en Formuliere, en selfs ander sake soos kerklike korrespondensie en interkerklike gesprek (ook met die ander Afrikaanse Kerke) asook die aanwys van 'n klassis vir reëlings van 'n dag van verootmoediging (art. 66 KO), moet ook oorweeg word of die volgende sake nie daar tuishoort nie: bestudering van volkeverhoudinge, deputering na die GES, *Almanak*, emeritusversorging, korrespondensie met die owerheid(-hede), teologiese skole en administratiewe buro.

### 4.3 *Rondom teologiese opleiding*

Suiwer prinsipieel benader, lyk die konklusie uit bostaande onafwend-

baar dat daar slegs een teologiese opleiding behoort te wees. En tog hoef dit nie noodwendig die geval te wees nie.

Uit die kerkgeskiedenis kan immers talle voorbeelde genoem word waar 'n bepaalde groep gemeentes meer as een teologiese opleiding daarop nagehou het. By ons in Suid-Afrika het die kleurfaktor egter 'n belangrike rol gespeel en daarom sal daar in hierdie verband by ons noodsaaklike verstellings aangebring moet word. Ek is maar alte bewus van my subjektiewe betrokkenheid by hierdie aangeleentheid, veral as ek vir die behoud van die HTS sou pleit, al is dit dan in 'n voorlopige gestalte.

Indien ons vandag al ons studente van die HTS na die TSP/PU vir CHO sou moes oorplaas, sou dit daarop neerkom dat kwalik 10% van hulle toegelaat sou word omdat hulle nie aan die nodige toelatingsvereistes voldoen nie. En dan het ek nog nie eers van die 'besondere gerigtheid' van die HTS melding gemaak nie, as 'n aspek wat egter baie omsigtig gehanteer moet word.

Wanneer ons die HTS langer wil kontinueer, kom egter 'n aantal voorwaardes by, nl (a) dat beide die HTS en TSP toeganklike teologiese skole sal wees, (b) dat beide gelykwaardige opleiding sal verskaf, sy dit met 'n bepaalde gerigtheid, en (c) dat daar tussen die twee skole die nouste kontak en samewerking sal wees. Oor die vraag of daar dan een of twee kuratoriums en kieskolleges moet wees, moet verder beraadslaag word, 'n saak wat bepaal sal word deur die vraag of die teologiese opleiding onder 'n streek- dan wel algemene sinode sal ressorteer.

Dit is tans duidelik dat die jonger kerke al hoe meer aandring op samewerking en medeverantwoordelikheid t.o.v. die teologiese opleiding, soos o.a. blyk uit die versoek van Sinode Soutpansberg aan Sinode Potchefstroom om volwaardige kuratore aan die HTS te benoem (Acta GKSA, 1985 : 549 - 555). In hierdie verband is daar ook reeds groei merkbaar. So was daar aanvanklik geen swart kuratore nie, later is die jonger kerke betrek deur middel van adviserende kuratore en tans funksioneer hulle deputate as volwaardige kuratore in 'n breë kuratorium in alle sake rakende die studente – die kuratore van Sinode Potchefstroom behartig nog die toesig oor die professore ens. Verder word ook al besin oor die moontlikheid van 'n teologiese professor wat uit die jonger kerke beroep kan word. Sinode Middellande 1987 gaan spesifiek hieroor handel.

## SLOT

My konklusie is dat die kerkbeskouing van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika oor die jare 'n bepaalde ontwikkeling – vanaf verskeurdheid oor verskeidenheid tot eenheid – deurgemaak het, wat in 'n groot mate toegeskryf kan word aan (a) interne Skrifnavorsing, (b) kritiese stemme vanuit die jonger Gereformeerde kerke en (c) stemme uit die Gereformeerde ekumene. Hierdie kritiek spits hom daarop toe dat ons in ons ekklesiologie 'n te swaar aksent op die motief van verskeidenheid tussen Gereformeerde kerke geplaas het, selfs sodanig dat dit prakties byna op verskeurdheid neergekom het. Verskeidenheid mág daar wees, eenheid móét daar wees. Maar dan 'n verskeidenheid volgens Bybelse model, volgens die genade-orde, en nie volgens aardse model, volgens die natuurorde nie. Anders gesê: Die verskeidenheidsmotief moet pneu-

matologies en nie sekularisties nie gefundeer wees.

Slegs 'n versoende kerk kan die boodskap van versoening in ons verskeurde Suid-Afrikaanse samelewing met integriteit preek, omdat hy dit inderdaad voorleef. Alleen só kan die kerk die koninkryk van God dien, ook in Suid-Afrika.

Julie 1987.

BRONNELYS

Berkouwer, G. L. 1970. De Kerk I: Eenheid en Katholiciteit. Kampen: J. H. Kok.

Berkouwer, G. C. 1972. De Kerk II: Apostoliciteit en Heiligheid. Kampen: J. H. Kok.

Borchardt, C. F. A. (red). 1987. Die Eenheid van die Kerk van Christus. Pretoria: NG Kerboekhandel.

Bosch, D. J., Konig, A. Nicol, W. (red). 1982. Perspektief op die Ope Brief. Kaapstad: Human & Rousseau.

Botha, A. J. 1986. Die evolusie van 'n volksteologie. Bellville: UWK.

Botha, A. Apr 1987. Volksteologie. *Ned Geref Teologiese Tydskrif*, 28(2) : 119 - 124.

Botha, S. J. 1973. Die volkskerk. Pretoria: HAUM.

Breytenbach, Cilliers (red). 1986. Eenheid en konflik. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Buys, P. J. May 1987. Calvinism does not teach apartheid! Potchefstroom: PU for CHE/IRS.

Buys, P. W. 1970. Die ekklesiologiese onderskeiding organisme en instituut as antwoord op die problematiek van die volkskerk: 'n Historiese, prinsipiele en praktiese studie. Potchefstroom (ongepubl).

Calvijn, J. zj. 3e dr. Institutie of Onderwijzing in de Christelijke Godsdienst. Delft: W. D. Meinema (Vert A. Sizoo).

Cloete, G. D. & Smit, D. J. 1984. 'n Oomblik van Waarheid. Kaapstad: Tafelberg.

Coetzee, J. C. 1965. Volk en Godsvolk in die Nuwe Testament: 'n Eksegetiese studie. Potchefstroom: Pro Rege Pers.

Combrink, V. Feb. 1987. Die Gemeenskap van die Heiliges: Bybelse beginsels, praktiese struikelblokke en konkrete patrone. Potchefstroom: PU vir CHO/IRS.

De Klerk, P. J. S. 1923. Kerk en Sending in Suid-Afrika. Amsterdam: H. A. van Bottenburg.

De Klerk, W. J. 1964. Wending?: Vernuwingsgesprekke oor die Gereformeerde Kerkpraktyk. Potchefstroom: Pro Rege Pers.

Du Plessis, H. 1963. 'n Nuwe deurbraak. Potchefstroom: Pro Rege Pers.

Du Plooy, A. le R. 1986. Besinning oor eenheid in kerkverband oor nasionale en taalgrense (*In* Smit, C. J. (red)). In Gehoorsaamheid (Opstelle aangebied aan prof. G. P. L. van der Linde). Potchefstroom: (PTP, 32 - 49).

Du Toit, J. D. en Du Toit, S. 1955[2]. Die Afrikaanse Rassebeleid en die Skrif. Potchefstroom: Pro Rege Pers.

Duvenage, S. C. W. 1962. Die verhouding van kerk tot volk: 'n Histories-prinsipiële studie. Zaandijk: J. Heijnis Tsz.

Groenewald, E. P. 1947. Apartheid en voogdyskap in die lig van die Heilige Skrif. (*In*: Cronjé, G. Regverdige rasse-apartheid. Stellenbosch: CSV-Boekhandel, 40 - 67).

Floor, L. (red). sj. Die Saailand is die wêreld. Hammanskraal: Kuratore HTS van die GKSA.

Gaum, F. 1981. Die kerk en die toekoms van Suid-Afrika. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Heyns, J. A. 1977. Die Kerk. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Hexham, I. Sept 1980. Christianity and Apartheid: An Introductory Bibliography. Journal of Theology for Southern Africa, 32 : 39 - 59.

Jonker, W. D. Mei 1986. Afsonderlike kerke vir afsonderlike bevolkingsgroepe? *Scriptura*, 17 : 1 - 14.

Jooste, J. P. 1958. Die Geskiedenis van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 1859 – 1959. Potchefstroom.

Keet, B. B. ea. (1960). Vertraagde Aksie: 'n Ekumeniese Getuienis uit die Afrikaanssprekende Kerk. Pretoria (NG Kerk Boekhandel).

Kinghorn, J. (red). 1986. Die NG Kerk en Apartheid. Braamfontein: Macmillan SA.

Kroezen, O. Mei 1985. Moving blackwards – De Zuid-Afrikaanse Raad van Kerken in de crisis van Zuid-Afrika. *Gereformeerd Theologisch Tijdscrift*, 21(1) : 51 - 78.

Kung, H. 1967. De Kerk. Hilversum: Paul Brand.

Kuyper, A. 1959[5]. Het Calvinisme. Kampen: J. H. Kok.

Louw, D. J. (red). 1985. Op die Breuklyn. Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.

Lubbe, W. J. G., Swart, A., ea. 1987. Geloof en Protes: 'n Antwoord namens beswaarde lidmate op sekere aspekte van "Kerk en Samelewing". Pretoria: Die Voortsettingskomitee.

Marais, J. C. 1986. Die NG Kerk en die regverdiging van apartheid. Sovenga: Stofberg Teologiese Skool.

——— Nov. 1986. Die Ned Geref Kerk se Sendingbeleid en apartheid. *Theologia Viatorum*, 14(2) : 53 - 69.

Ned Geref Kerk. 1975. Ras, Volk en Nasie en Volkeverhoudinge in die lig van die Skrif. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

——— 1986. Kerk en Samelewing: 'n Getuienis van die Ned Geref Kerk. Bloemfontein: ASK.

Ned Herv Kerk van Afrika (Kommissie van die Algemene Kerkvergadering). 1985. Kerk en Wêreld 2000. Pretoria: Kital.

O'Brien Geldenhuys, F. E. 1982. In die stroomversnellings: Vyftig jaar van die NG Kerk. Kaapstad: Tafelberg.

Pelser, P. J. 1976. Die roeping tot sigbaarmaking van die katolisiteit van die kerk. Potchefstroom: PU vir CHO.

Polman, A. D. R. 3j. Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis. Franeker: T. Wever.

Smith, N. J., O'Brien Geldenhuys, F. E., Meiring, P. 1981. Stormkompas: Opstelle op soek na 'n suiwer koers in die Suid-Afrikaanse konteks van die jare tagtig. Kaapstad: Tafelberg.

Snyman, W. J. 1977. Nuwe en Ou Dinge: Uit die skat van die koninkryk. Potchefstroom: Pro Rege Pers.

Spoelstra, B. 12 Feb. 1961. Eenheid of Verskeidenheid? (Radiopreek). Bellville.

——— Maart 1986. Het ons kerkwees in strukture gestol? *Hervormde Teologiese Studies* 42(1) : 84 - 109.

Theron, P. F. 1978. Die Ekklesia as Kosmies-eskatologiese teken – Die Eenheid van die Kerk as 'Profesie' van die Esktologiese Vrede. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Van der Merwe, D. C. S. 1973. Kerk volk en ras in die sendingbeleid van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom: Pro Rege Pers.

——— (1973a). Sending, toekoms en strukture. Potchefstroom: Pro Rege Pers.

Van der Walt, B. ea. 1980. Venster op die kerk: 20 lidmate oor die Reformasie van die kerk in die jare 80. Potchefstroom: PU vir CHO/IBC.

Van der Walt, I. J. 1963. Eiesoortigheid en die Sending: Eiesoortige kerkvorming as missiologiese probleem met besondere verwysing na Suid-Afrika. Potchefstroom: Pro Rege Pers.

Van Genderen, J. 1986. De Gemeenschap der Heiligen, Kampen: J. H. Kok.

Van 't Spijker, W. 1974. Eenheid in Verscheidenheid?: De identiteitscrisis binnen de Gereformeerd Gezindte. Kampen: J. H. Kok.

Van Wyk, D. J. C. (red). Stemme uit die Verlede: Volkereverhoudings in Suid-Afrika. Pretoria: HAUM.

Van Wyk, J. H. Aug-Sept. 1968. Hoeveel kerkbegrippe is by ons in swang? *In die Skriflig*, 2(7) : 12 - 26.

——— Des. 1972. Kerklike kontak tussen Afrikaanse en Engelse kerkgroepe in Suid-Afrika. *In die Skriflig*, 6(24) : 11 - 44.

——— 1979. Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (GKSA) en die eenheid van die kerk (*In* Meiring, Piet en Lederle H. I. L. (red). Die eenheid van die kerk. Kaapstad: Tafelberg, 102 - 113).

Van Wyk, J. H. 1983. Samewerking van swart en wit Christene by die uitvoering van die sendingopdrag. (In Sendingkonferensie 1983, Krugersdorp, 17 - 25).

— — — Julie 1984. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika na 125 jaar. *In die Skriflig*, 18(70) : 3 - 19.

— — — 1985a. Uit die kerkgeskiedenis (*In* Van Wyk, J. H. en Vorster, J. M. (red). Altyd reformeer: Gesprekke oor politiek en godsdiens. Braamfontein: De Jong, 164 - 171).

— — — 1985b. Man van die derde weg: W. J. Snyman as teoloog. Potchefstroom: PU vir CHO/IRS.

— — — 1986a. Kerklike kontak oor kultuurgrense heen (*In* Almanak van die GKSA. Potchefstroom: Administratiewe Buro, 215 - 219).

— — — 1986b. Die boodskap van die Reformasie vir vandag. Potchefstroom: PU vir CHO/IRS.

— — — 1987a. Reformasie in die kerk. (Stokerlesing – ongepubliseer).

— — — 1987b. Spanning tussen 'ouer' en 'jonger' kerke as gevolg van kulturele, politieke, ideologiese en maatskaplike verskille – 'n benadering vanuit die 'ouer' kerke. (Voordrag voor Sendingkonferensie te Potchefstroom; tans nog ongepubliseer).

Van Zyl, F. J. Mrt 1987. Stemming word só teen Hervormde Kerk geskep. *Die Hervormer*, 78(2) : 1.

Versteeg, J. P. 1985. Kijk op de kerk: De structuur van de gemeente volgens het Nieuwe Testament. Kampen: J. H. Kok.

Vlijm, J. M. (red). 1981. Geloofsmanieren: Studies over pluraliteit in de kerk. Kampen: J. H. Kok.

Vorster, J. M. 1977. Die Kerk en die Kleurvraagstuk vandag. Potchefstroom: PU vir CHO.

— — — 1981. Het die kerk nog betekenis? Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Vorster, W. S. (Ed). 1980. Church unity and diversity in the South African context. Pretoria: Unisa.